

# DEEL III

## HOOFSTUK 9

### SAMEVATTING EN BEVINDINGS

Hierdie studie is onderneem om die aard van en opvattinge oor Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa te ondersoek en te beskryf, met inagneming van vrae oor wat *literatuur* en *wetenskap* is.

In hoofstuk 1 is die problematiek aangedui wat hier ter sprake is, naamlik dat Marais in sy werk op verskillende maniere van wetenskaplike kennis en waarnemings gebruik gemaak het. In sowel sy belletristiese as sy wetenskaplike prosa word hieroor verslag gedoen. Die presiese aard van sy belangstelling in verskeie vertakkinge van die wetenskap en die wyse waarop dit in sy werk vorm aanneem, was tot dusver nog nie behoorlik nagegaan nie. In 'n poging om hierdie leemte te vul, maak hierdie studie van multidissiplinêre insigte en werkwyses gebruik en beperk hom nie tot die tekste self nie.

In hoofstuk 2 word die kennisvelde van die geestes- en die natuurwetenskappe ondersoek. Daar word aangetoon dat die literatuur en die wetenskap dikwels as twee duidelik onderskeibare “kulture” beskou word, maar dat hierdie kulture ook in staat is om gelyktydig te bestaan en in een geskrif aangebied kan word. 'n Goeie voorbeeld is die wyse waarop tekste oor die oorsprong van die mens as narratiewe of verhale gelees kan word. Die feit dat sommige van Marais se tekste deur sowel letterkundiges as wetenskaplikes gelees en deur elkeen vir sy onderskeie dissipline “toegeëien” is, kan byvoorbeeld in die lig hiervan verklaar word. Verskuiwings in sienings oor wat *literatuur* en *wetenskap* is, maak dit moontlik om 'n meer genuanseerde siening van Marais se wetenskaplike oeuvre te hê.

In hoofstuk 3 word 'n oorsig van Marais se lewe en werk gegee. Marais het in sy later lewe enkele kere verslag gedoen oor besondere natuurkundige ervarings en waarnemings waaraan hy gedurende sy kinder- en jeugjare in pioniersomstandighede in Pretoria en Boshof blootgestel was. Tydens sy Londense verblyf (1897–1902) het hy hom in die regsgeleerdheid bekwaam, maar belangstelling in onderwerpe soos die geneeskunde, hipnose, spiritisme en goëlery getoon en sterk onder die

invloed van die Victoriaanse tydperk en die Darwinisme gekom. Dit sou verdere ervarings in volgende fases van sy lewe prikkel en hom in staat stel om oor die waarde en betekenis van dié ervarings te besin. Te geleger tyd sou hy veral in die Waterberg sy genees- en sielkundige vaardighede inspan om hierdie geïsoleerde gemeenskap van hulp te wees. In die Waterberg, met sy besondere habitat en inwoners, maak hy dié waarnemings oor bobbejane, termiete en ander natuurkundige verskynsels waaroor hy werke soos *Die siel van die mier*, *Burgers van die berge* en *The soul of the ape* die lig sou laat sien.

Marais se skoolopleiding was oorwegend in Engels. Reeds op hoërskool het sy joernalistieke talent na vore begin tree, en sedert die einde van die 1880's het hy hierdie talent as joernalis en koerantredakteur in Pretoria begin toepas. Marais die skrywer het begin ontluik, maar aanvanklik het hy oor (dikwels omstrede) gebeure in en om die Volksraad van die ZAR verslag gedoen. Hoewel dit 'n belangrike fase was, soos in hoofstuk 4 aangetoon word, was dit slegs sy leerskool as skrywer. Dit was Marais se landelike agtergrond, sy intense ervarings as kind in die natuur en sy kennismaking met kleurrike karakters wat die grootste invloed op hom gehad het. In Marais se lettertristiese prosa val dit op dat hy 'n sfeer van betroubaarheid en feitelikheid probeer skep om lesers te oortuig van die geloofwaardigheid van die gebeure wat aan hulle voorgehou word. Hierdie strewende na die geloofwaardige is 'n ideaal wat hy ten diepste in sy wetenskaplike prosa uitgewerk het.

Hoofstuk 5 handel oor Marais se waarnemings van en insigte in die ordening van die termietes. Sy artikels oor hierdie onderwerp het oorspronklik in *Die Huisgenoot* verskyn en is later as *Die siel van die mier* gepubliseer. Hierdie werk is grootliks gemitologiseer as gevolg van die Belgiese skrywer Maurice Maeterlinck se oornam (of plagiaat) van Marais se teorie oor die eenheid van die termietes. Marais het heelwat (gunstige) publisiteit na aanleiding van hierdie episode gekry, wat ook daartoe gelei het dat daar nie genoeg aandag aan die waarde van die teks self gegee is nie.

In die bespreking van Marais se wetenskaplike prosa oor bobbejane in hoofstuk 6 kom die spanning tussen die resepsie van sy werk deur onderskeidelik letterkundiges en natuurwetenskaplikes duidelik na vore. Uit sowel die resepsie van die geskrifte as uit die tekste self blyk daar eweneens spanning tussen

amateur- en professionele wetenskaplikes oor hierdie werk. *Burgers van die berge* bestaan uit 'n reeks artikels, wat aanvanklik in *Ons Vaderland* verskyn het. In vergelyking met die monografie *The soul of the ape* word die leser in 'n groter mate in ag geneem as in die koerantartikels. Daar word egter in hierdie hoofstuk geargumenteer dat die skeiding van *literatuur* en *wetenskap* 'n modernistiese verskynsel is.

In hoofstuk 7 is daar spesifiek aandag gegee aan wetenskaplike tekste waarin Marais oor voëls skryf. Oor hierdie onderwerp het Marais benewens enkele artikels asook 'n opstel, *Die skepbekertjie*, nagelaat. In ander tekste oor die onderwerp maak Marais gebruik van vorme soos die essay.

In hoofstuk 8 is die gebeure rondom die ontdekking van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn) bespreek. Die rol wat Marais gespeel het om hierdie plant aan die wetenskap bekend te stel, bevestig die waarde van die ingeligte "amateur" in die gemeenskap. Dit bevestig ook dat Marais oor besondere waarnemingsvermoë beskik het en in staat was om die waarde van sy waarnemings te begryp. Terselfdertyd illustreer dit die voortdurende spanning tussen funksionele en wetenskaplike skryfwerk by Marais, sodat die een gedurig 'n skadu werp oor die ander (of dat die leser gedurig bewus is van die een, terwyl hy besig is met die ander). Die sogenaamde Marais-mite is deur sowel homself as deur ander persone geskep, maar die verhaal (of mondelinge geskiedenis) van die ontdekking van die Waterbergse broodboom dra by tot 'n regstelling van die mite van Marais-die-kwaksalwer/charlatan/boereverneuker en getuig van sy kundigheid.

Op grond van hierdie studie word die volgende bevindings gemaak:

- Ervarings tydens Marais se jeugjare (o.m. verhale oor die misterie van die Waterberg, 'n belangstelling in die verskillende omgewings waarin hy hom as kind bevind het en 'n vroeë bemeestering van die joernalistiek) het hom met indrukke en vaardighede toegerus wat van groot waarde in daaropvolgende fases van sy lewe sou wees.
- Marais se Londense verblyf het hom, as lid van die Victoriaanse samelewing, met die sterk invloed van die Darwinisme en die geloof in die wetenskap

kennis laat maak, wat 'n deurslaggewende rol in sy ontwikkeling as (amateur-) wetenskaplike en as skrywer gespeel het.

- Marais het in sowel sy bellettristiese as wetenskaplike prosa daarna gestrewe om so geloofwaardig moontlik te wees. Hierdeur het hy 'n duidelike rol aan die leser toegeken en homself op verskillende maniere (deur sy leeswerk, navorsing en nougesette skryfwerk) voorberei om nie sy leser se “geloof” in hom en in sy teks te ondermyn nie.
- In Marais se wetenskaplike prosa is daar duidelike tekens van 'n ordenende skrywer, wat onder meer op so 'n manier van narratologiese tegnieke gebruik maak dat hy 'n breër leserspubliek kan bereik as waartoe natuurwetenskaplikes normaalweg in staat is. In die onlangse verlede het skrywers soos Misia Landau pertinent aandag gegee aan die rol wat die narratologie in wetenskaplike geskrifte speel.
- Deur sowel hoë literêre as wetenskaplike standaarde na te streef en te bereik, het Marais vir sy skryfwerk 'n breër as normale leserspubliek verwerf. In talle van Marais se tekste is die skrywer en die wetenskaplike as 't ware gelyktydig aan die woord. Marais het nie altyd die nodige erkenning vir hierdie “dubbele ingesteldheid” gekry nie.
- Gunstige produksiefaktore tydens die eerste dekades van die twintigste eeu het omstandighede geskep wat bygedra het tot die skryf en publikasie van talle van Marais se wetenskaplike geskrifte. Sy skryfwerk was gesog en hy kon die populêre media gebruik om sy waarnemings, bevindinge en teorieë wyd bekend te stel.
- Biograwe (veral Rousseau) het Marais tot 'n morfiënverslaafde gereduseer, sodat byna elke faset van sy lewe deur daardie bril bekyk is. Dit het daartoe gelei dat belangrike aspekte van Marais werk (soos die wetenskaplike tradisie waarbinne hy gewerk het) tot dusver nie die nodige aandag gekry het nie.
- Marais se tekste oor bobbejane het die Afrikaanse leser voorberei op die twintigste-eeuse gesprek oor die oorsprong van die mens en die wyse waarop etologiese navorsing onderneem word. Met hierdie werk het hy vir homself as skrywer en as wetenskaplike 'n plek in die geskiedenis verwerf, ten spyte

daarvan dat sy rol dikwels misken is.

- Marais het met sy wetenskaplike prosa 'n sterk didaktiese rol gespeel. Deur sy artikels hoofsaaklik in populêre koerante en tydskrifte soos *Ons/Die Vaderland*, *The Star*, *Die Boerevrou*, *Die Brandwag* en *Die Huisgenoot* te publiseer, het hy tot 'n breë leserspubliek gespreek.
- Die “verhaal” van die ontdekking en beskrywing van die Waterbergse broodboom (*Encephalartos eugene-maraisii* Verdoorn) bevestig die geloofwaardigheid van Marais se betrokkenheid by die natuurwetenskappe. Dit bevestig ook sy kennis en vermoë om die waarde van sy waarnemings te beseef. Vandag is die oortuiging van die geskiedenis van hierdie ontdekking 'n kostbare stuk natuurlike geskiedenis (“natural history”).
- Uitsprake deur sommige natuurwetenskaplikes wat as hekwagters optree, dui op 'n duidelike mistifisering van die natuurwetenskappe. Dit verminder grootliks die kanse van nie-formeel geskoolde skrywers van wetenskaplike tekste om die nodige erkenning vir hulle bydraes te ontvang.
- Marais se wetenskaplike prosa is 'n waardevolle nalatenskap uit die eerste helfte van die twintigste eeu, waarin “baie literêre en filosofiese denkers gemeen [het] dat die wetenskap 'n bydrae kan lewer tot die oorkoming van die begripsvernouing wat oorgeërf is uit die begin van die vroeë 19de eeu en daarvóór” (Findlay, 1972: 243). Ten spyte van die lyding waardeur Marais waarskynlik van tyd tot tyd gegaan het as gevolg van sy morfiënverslawing, kon en wou hy nie oor sy ervarings swyg nie. Hy vertel van termiete, bobbejane, voëls. Hy vertel met verwondering. Die hedendaagse leser kan hom daarvoor dankbaar wees.

Hierdie ondersoek is onderneem in die vertroue dat dit sal bydra tot 'n beter verstaan van Eugène N. Marais se wetenskaplike prosa, die verhouding tussen literatuur en wetenskap, en die eiesoortige bydrae van Marais se wetenskaplike prosa.